

Graan SA Oggend Mark Kommentaar

Wessel Lemmer Luzelle Botha

GRAAN SA	DATUM	DATUM			+ - WEEK GELEDE			+ - MAAND GELEDE			+ - JAAR GELEDE		
	2014/09/16	2014/09/15			2014/09/09			2014/08/19			2013/09/17		
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data			
DJIA-indeks	17031	43.63	0.3%	16988	0%	17032	1%	16920	10%	15530			
Goud (Spot)	1237.05	2.35	0.2%	1234.70	-2%	1256.45	-4%	1294.79	-5%	1296.45			
Brent \$/vat	97.97	1.07	1.1%	96.90	-1%	99.36	-3%	101.46	-9%	108.05			
1 €: ? US\$	1.2941	0.002	0.1%	1.2923	0%	1.2925	-3%	1.3300	-3%	1.3336			
1 US\$: ? ZAR	10.96	-0.084	-0.8%	11.04	0%	10.95	3%	10.68	12%	9.81			
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 1 482.67	-8	-0.5%	R 1 490.75	* CBOT Dec sent/skepel 08:00 vandag vs CBOT Corn Dec 12:00 die vorige dag								
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 4 001.56	-12	-0.3%	R 4 013.91	* CBOT Nov sent/skepel 08:00 vandag vs CBOT Soya Nov 12:00 die vorige dag								
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 2 028.96	-2	-0.1%	R 2 031.30	* CBOT Dec sent/skepel 08:00 vandag vs CBOT Dec Wheat 12:00 die vorige dag								
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)													
Corn Dec 14	343.75	0.75	0.2%	343.00	0%	344.25	-8%	372.25	-30%	492.75			
Corn Jul 15	370.75	0.25	0.1%	370.50	-1%	372.75	-7%	400.25	-27%	510.75			
Soybean Nov 14	994.00	4.50	0.5%	989.50	0%	992.75	-6%	1052.75	-16%	1181.75			
Soybean May 15	1016.50	5.25	0.5%	1011.25	1%	1011.25	-5%	1073.75	-14%	1175.75			
Wheat Dec 14	504.00	3.25	0.6%	500.75	-4%	527.50	-0%	558.50	-24%	667.00			
Jongste MTM-pryse (Aangeteken tussen 07:00 vm - 08:00 vm op die jongste twee datums) SPOT = naaste kontrakmaand													
SORGHUM Sep 14	2380	0	0.0%	2380	1%	2360	-5%	2500	NA				
WMAZ SPOT	1722	6	0.3%	1716	2%	1691	1%	1701	-25%	2308			
WMAZ Dec 14	1774	11	0.6%	1763	2%	1741	0%	1770	-24%	2319			
WMAZ Jul 15	1878	17	0.9%	1861	2%	1848	0%	1873	-11%	2113			
YMAZ SPOT	1752	4	0.2%	1748	2%	1726	-1%	1765	-18%	2128			
YMAZ Dec 14	1816	3	0.2%	1813	1%	1791	-1%	1838	-15%	2146			
YMAZ Jul 15	1875	20	1.1%	1855	2%	1843	-2%	1908	-8%	2040			
SOY50 SPOT	5207	35	0.7%	5172	0%	5200	0%	5200	-1%	5235			
SOY50 Dec 14	5280	33	0.6%	5247	0%	5275	-1%	5320	NA				
SUN SPOT	4328	87	2.1%	4241	3%	4210	2%	4224	-14%	5044			
SUN Dec 14	4405	87	2.0%	4318	3%	4290	1%	4357	-12%	4999			
WHEAT Spot 14	3752	37	1.0%	3715	1%	3710	2%	3690	10%	3419			
WHEAT Dec 14	3675	9	0.2%	3666	0%	3659	1%	3629	10%	3354			

MARK OMSTANDIGHEDE VOLGENS DIE JONGSTE MARKVERSLAE EN GRAAN SA MARK INLIGTING

Buitemarkfaktore: Die rand het sedert 12:00 gistermiddag met 0,8% tot R10.96 versterk. Die styging in VSA kommoditeitspryse lei daartoe dat die uitvoerpariteitsprysvlak vir mielies met R21/ton kan verhoog, die invoerpariteitsprysvlak vir sojabone ook met R21/ton kan verhoog en vir koring met R14/ton.

Koringtarief: Let asb daarop dat Graan SA reeds op Dinsdag 9 September by ITAC aansoek gedoen het vir die inwerkstelling van die koringtarief wat gesneller het. Na verwagting behoort die tarief ongeveer R150/ton te beloop. Die periode vandat die tarief sneller en totdat die tarief in werking tree is ongeveer 4 weke. Koringpryse vir Desember het sedert 'n week gelede met R16/ton gestyg. Die Rand is teenoor dieselfde vlak as 'n week gelede maar CBOT koringpryse het met 4% tot \$5.04/skepel gedaal. Die VAB-prys van HRW-koring het op 12 September teen \$272/ton verhandel teenoor \$283/ton op 9 September. Let daarop dat koringpryse vir lewering in Desember 10% hoër is as 'n jaar gelede en teen R3752/ton vir lewering vir ousesoen koring verhandel en teen R3675/ton vir nuwe seisoen koring. Die tekort aan maalkwaliteit koring lei daartoe dat plaaslike koring teen 'n premie bo ingevoerde koring van Duitse oorsprong verhandel.

Sojaboonpersmarge: Let asb daarop dat die sojaboonpersmarge R177/ton (12 Sep) beloop teenoor R240/ton op 5 September. Die skerp daling word toegeskryf aan die daling in die pryse van ingevoerde sojaboon oliekoek. Die prys van sojabone het op Safex het sedert 9 September sywaarts teen ongeveer R5207/ton verhandel terwyl sonneblomsaadpryse met 3% tot R4328/ton gestyg het. Safex sojaboonpryse het sedert 'n maand gelede tot 25% hoër as sojaboonpryse verhandel. Dit kan wees dat die dalende persmarge die belangstelling in die pers van sonneblomsaad verhoog. Dit kan die rede wees waarom sonneblomsaadpryse prysstygings toon. Die vraag is of 'n toename in persaktiwiteite tot 'n afname in sojaboon persaktiwiteite kan lei en of die vraag na sojabone tot so 'n mate kan daal dat plaaslike sojaboonpryse daardeur negatief geraak kan word.

Mielies: VSA mielietermynpryse het op die CBOT skerp met 2,2% gestyg. Volgens die VSA se gewasvorderingsverslae is 4% van die VSA mielie-oes al gestroop teenoor dieselfde % 'n jaar gelede. Die 5-jaar gemiddeld is 9%. Gewasstoestand vir mielies en sojabone is teenoor 'n week gelede onveranderd en is heelwat beter as die vyf jaar gemiddeld. Daar word nog nie sojabone gestroop nie. Met 4% mielies gestroop is oesdruk nog op pad en is dit debateerbaar of VSA termynpryse nou al 'n seisoenale laagtepunt bereik het. Die handel het verwag dat 6% gestroop sou wees. Die hoër pryse word aan 'n tegniese regstelling toegeskryf en nie aan ondersteunende fundamentele faktore nie.

Bronne: Grain SA, SAGIS, OANDA, USDA, Fin24, JSE, CME, John Roach, Eric Leese, Arlan Suderman

Let asb die volgende:

Internasionale markverslae:

[USDA Crop Progress](#)

Plaaslike markverslae:

[For more Grain and Oilseed Insights: www.grainsa.co.za](#)

Vir meer inligting skakel: Wessel Lemmer at wessel@grainsa.co.za